# HOOFSTUK 2

## GESAG: CHRISTELIK-OPVOEDKUNDIG BESKOU

"En Jesus het nadergekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde" (Matt. 28:18)

### 2.1 Wat word onder gesag verstaan en waarin setel dit?

Gesag kom van "zeggen, zag, gezegd". Die gesagdraer mag sê en die ander een (onderdaan) "laat hom gesê". Gesag het twee pole: "sê" en "gesê".

Om gesag te hê, beteken dus om seggenskap te hê. Gesag gee seggenskap oor ander. Dit is die mag of reg om te regeer, om te beveel, om te gebied, om opdrag te gee en om gehoorsaamheid te eis. Volgens HAT beteken gesag onder andere: "wettige reg om te beveel; persoon, liggaam, instelling wat die reg het om te regeer; oortuigende krag, outoriteit, invloed". (Schoonees ea. 1965, p. 206).

Gesag is die resultaat van "met macht zeggen" en die teenoorgestelde daarvan is wanneer iemand niks te sê het nie "niets te zeggen hebben" - geen seggenskap. (Stellwag, 1973, pp. 4, 5).

In die algemene spreektaal word onder gesag dus verstaan, die bevoegdheid van 'n persoon of instansie om bevele te gee en uitsprake te maak waaraan andere hulself moet onderwerp. Gesag hang saam met gehoorsaamheid, "zich niets laten zeggen". "Een gezeggelijk" burger is een wat aan "gezag gehoorsaamt" (Ibid.)

Trouens /.....

Trouens, die woord gesag is afgelei van die werkwoord sê. Dus, 'n persoon wat met gesag beklee is, is iemand wat seggenskap het oor ander. Daarom sê Brillenburg Wurth: "Gezag, daaronder hebben wij te verstaan een 'zeggen', waarop een ander antwoorden moet door in onderworpenheid zich te laten 'gezeggen'". (Gunter, 1965, p. 132)

Daar is 'n prinsipiële en logiese samehang tussen gesag en verantwoordelikheid. Geen gesag gaan saam met geen verantwoordelikheid. Die gedagte vind ons ook by Coetzee: "Die gesag wat die mens beklee, is verder altyd verantwoordelike gesag, en hoe hoër die gesag, hoe groter die verantwoordelikheid". (J.C., 1944, p. 351).

"Opvoedingsgesag is, by 'n noukeurige deurdenking, die uniekste, natuurlikste en primêrste vorm van gesag waaroor die mens beskik, omdat geen werklike gesagsvorm aan hom toegeken word deur ander mense of menslike instansies nie". (Van der Stoep, 1968, p. 15). Die opvoeder se gesag setel in God en by uitoefening daarvan is hy "die spreekbuis van die Opperwese." (Ibid). Die aanvanklik hulpelose kind is toegewys op die volwassene se besluite vir alle natuurlike behoeftes van die liggaam en die gees en die volwassene se bemoeienis met die kind is 'n bewys dat hy sy verantwoordelikheid in die verband aanvaar. "Opvoedingsgesag proklameer die liefde van die volwassene vir sy kind of kinders in die algemeen". (Ibid, p. 16).

Volgens Stellwag word hierdie gesagsuitoefening gemotiveer ter wille van die samelewing op die basis van geregtigheid, ter wille van die kinders op grond van ouers se meerdere wysheid en liefde en op grond van hul verantwoordelikheid vir die kind se

maatskaplike /.....

maatskaplike en ewige welsyn. Verder en veral is die opvoeder se gesag geleë in 'n opdrag van God. (1973, p. 127).

Dieselfde skrywer stel dit ook dat die opvoeder se gesag setel in:

- sy verhouding tot die leerstof wat as gevolg van feite self gesaghebbend optree;
- sy verhouding tot die kind, want die opvoeder is beklee met ouerlike gesag omdat hy in die verhouding ouerverteenwoordiger is;
- sy gesag mag ook in sy eie persoonlike kwaliteite setel. (Ibid, pp. 117 - 125). Laasgenoemde strook ook met HAT se "oortuigende krag"; "invloed" en dui op gesag verkry omdat daar agting bestaan vir deskundigheid.

Vir die Christen setel alle gesag in God en hy glo dat alle menslike gesag God-verleende gesag is wat sy oorsprong in God het en nie in mense nie. "Hy is die Bron van alle gesag en dus ook die Oorsprong van alle ampsbevoegdhede" (Strauss, 1953, p. 34 soos aangehaal in Coetzee, C.J., 1976, pp. 43, 44).

## 2.2 Gesag moet opvoed tot vryheid

Die probleem van die gesag van die onderwyser wat die vryheid van die kind beperk, of anders gestel die vryheid van die kind wat die gesag van die onderwyser beperk, is volgens Coetzee een van die moeilikste vraagstukke in die opvoedkunde. Gesag is egter noodsaaklik en daarsonder is opvoeding vir die Christen ondenkbaar. (Coetzee, J.C., 1944, p. 350).

Dit mag paradoksaal klink, maar die opvoeder gebruik sy gesag om die kind op te voed tot volkome vryheid. Die opvoeder wat as

gevolg van sy meerdere kennis en ervaring en op grond van sy sedelike selfstandigheid en op die gesag van die leerstof wat hy aanbied as gesagsdraer aanvanklik vir die kind kies, sal later met die kind kies sodat die kind uiteindelik self sedelike besluite kan neem. (Potgieter, 1966, p. 9).

Gesag is dus noodsaaklik om die kind te help om die vryheid te bereik. Langeveld wys hierop as hy sê dat die opvoeder deur gesag te gebruik, die opvoedeling moeisaam lei tot die stadium waar hy die vryheid ontvang van die wat hom opvoed. (1967, pp. 46 - 50).

Van der Stoep wys daarop dat die kind nie so heg aan die opvoeder gebind moet word dat hy nie self die norm wat aan die opvoeder sy gesag verleen, raaksien en verower nie. Die kind moet later self die norm ontdek en daaraan gehoorsaam wees. (Van der Stoep, 1968, pp. 16 - 19).

> "De tegenstelling van "gezag en vrijheid" is derhalwe onjuist : gezag schept hier vrijheid. Zonder dit opvoedingsgezag is er van een leven dat het kind en later de volwassene zelf leeft, geen sprake. Het kind, aan zichzelf overgelaten, ontwikkelt geen "vrijheid" maar zou in chaos, beeldloosheid, willekeur verzeilen, ofwel : in een louter vitaal vegeteren volharden. Menselijke vrijheid is gebondenheid". (Langeveld, 1967, p. 49, onderstreping deur my).

Hy sien opvoeding tot "zedelijke zelfbepaling" as opvoedingsdoel en verklaar dat dit onmoontlik is sonder gesag. "De opvoeding tot zedelijke zelfbepaling is tewens een opvoeding tot echte gezagserkenning, dit is gehoorzaamheid en "vrijheid" tegelijk. "Vrijheid", dit wil zê : behoud van de plicht tot eigen verantwoordelijkheid in de mate die deze mens mogelijk is, op grond van aanleg,

leeftijd /....

leeftijd, geslacht, milieu, maatschappelijke taak, enz." (Langeveld, 1967, p. 75).

Vir die Christen is God, die Skepper, die Almagtige, die enigste, ware, absolute Gesag. Die hele skepping, die mens ingesluit, staan onder God se gesag, soos neergelê in sy Wet en alle menslike gesag is verleende, God gegewe gesag. (Coetzee, 1944, p. 350). Die vryheid wat die Christen vir sy kind nastrewe sal dus geen losbandige, beginsellose, willekeur wees nie, want Christelike vryheid is gebondenheid. (De Villiers, 1976, pp. 224, 225). Dit is vryheid onder die wet van God, vryheid onder gesag. (Coetzee, 1944, p. 352). Hy wat buig voor die gesag van God het nie sy vryheid verloor nie. Om voor mense te swig, is knegskap, maar om voor God te buig is vryheid. (De Villiers, 1976, p. 225).

Gunter onderskei tussen negatiewe vryheid - vryheid van; en positiewe vryheid - vryheid vir of tot en sê dat "Om algeheel vry te wees van alle beperkinge en gesag is nie ware vryheid nie ... Die menslike vryheid, in die ware sin van die woord, is nie geleë in ongebondenheid nie, maar in selfdwang, selfbeheer en selfbeperking en nie in dwang, beheer en beperking van buite nie." (Gunter, 1961, p. 406).

Vergelyk in die verband ook Langeveld waar hy sê dat sedelike selfstandigheid volstrekte gebondenheid is en dat vryheid beteken : "vrij-zijn-tot de volstrekte aanvaarding van onze menselijkheid". (Langeveld, 1967, p. 163).

Wanneer opvoeders onthou dat opvoeding tot vryheid die strewe

moet wees van hul bemoeienis met die kind as gedyende moontlikheid kan hul vrymoedig eis dat hy hom voor gesag buig. Hulle moet glo dat hy volwasse kan word en daarom mag hulle eis dat hy volwasse moet word. Dit gaan immers in die opvoeding om die ontplooiing van die kind se moontlikhede ter vervulling van sy lewenstaak. (Potgieter, 1966, p. 9).

Du Toit sê : "As opvoeding dan beteken die vorming van 'n redelike, sedelike, godsdienstige persoonlikheid, dan beteken dit ook dat die doel van die opvoeding vryheid is". (1945, p. 7). Verder sê hy op dieselfde plek dat ware sedelikheid en ware karakter alleen in ware vryheid bestaan, want sedelikheid het te make met die mens se wil. Daarom sal opvoeders versigtig dwing, want 'n goeie daad onder dwang gedoen, is geen goeie daad nie. "Nie hy is regverdig wat geen onreg doen nie, maar hy wat, as hy onreg kan doen, dit nie wil doen nie ... dus, opvoeding tot sedelikheid, tot karakter, beteken opvoeding tot vryheid". (Du Toit, 1945, p. 8).

God gee aan die mens 'n keuse-vryheid, maar dit beteken nie algehele vryheid nie (Coetzee, 1976, p. 46). Die mens bly gebonde omdat hy deur God aangespreek en geroep word as mede-arbeider en as sodanig 'n lewenstaak het om te vervul. Die mens word in sy funksie as mede-arbeider egter nie verslaaf nie. Die mens is "geen onderhorige, geen slaaf, geen rat in 'n masjien nie, maar 'n verantwoordelike, selfbewuste veroorsaker van sy beantwoording aan of verkragting van sy roeping". (Stoker, 1956, p. 29 soos aangehaal, Coetzee, 1976, p. 46).

Die /....

Die begrippe gesag, vryheid, dissipline en tug is moeilik van mekaar te skei. Die vier sake is in werklikheid net vier aspekte van dieselfde onderwerp. (Du Plessis, 1974, p. 158). Gunter sê ook dat vryheid en gesag nie van mekaar geskei kan word nie. In die Christendom word die hoogste en volmaakte Gesag "vergestalt in die lewe, lyding en kruisdood van Christus wat gewillig was om te sterwe en alle mag op te sê behalwe die mag van die LIEFDE. Die hoogste gesag is die LIEFDE van God; daarom kan die mens sy hoogste vryheid alleen deur 'n lewe van vrywillige gehoorsaamheid en diens aan Hom verwesenlik. Alleen in die vrye oorgawe van die self aan die persoonlike God van die openbaring en die beantwoording van Sy volmaakte liefde met wederliefde beërf die mens sy ware vryheid en word 'n oplossing gevind vir die probleem van vryheid en gesag". (1961, p. 408).

Omdat die hele ondersoek oor hierdie sake gaan en verskeie male weer daaroor sal handel, kan hier voorlopig van vryheid afgestap word met die volgende ondersteunende gedagtes en sitate.

- "The only freedom I care about is the freedom to do right; the freedom to do wrong I am ready to part with on the cheapest terms to anyone who will take it of me". (Huxley soos aangehaal deur Ballard, 1928, p. 65).
- "Het blijkt dat gezag als bestuursmacht steeds, in tegenstelling tot geweld en dwang, een bepaalde mate van vrijwillige erkenning veronderstelt". (Stellwag, 1973, p. 76).
- "Menslike vryheid is egter 'n gawe met 'n opgawe naamlik om op menswaardige wyse blyk te gee van vryheidsverwerkliking. Menslike vryheid is in die eerste plek 'n vryheid van gedetermineerd wees deur faktore van watter aard ook al en dit is in die tweede plek 'n vryheid tot verantwoordelikheid". (Kilian, 1975, p. 19).

Die /....

Die mens is vry, maar beslis nie vry van die verantwoordelikheid wat op hom, as kroon van die skepping, rus nie. Ook Gunter sê dat die menslike vryheid juis 'n vryheid tot antwoord is. (1965, p. 133). Die kind kan "nee" sê en sal deur die opvoeder op die verantwoordelikheid van menswees gewys moet word. (Kilian, 1975, p. 19). Hierby voeg die Christen-opvoeder onmiddellik ook : en op die verantwoordelikheid van Christen wees en op die verantwoordelikheid van deur God aangesproke te wees. As geroepene, as medewerker en as gestuurde sal die kind moet leer om te antwoord op : "Kind, gaan werk vandag in my wingerd". (Matt. 21: 28). Verder handhaaf die Christen saam met Du Toit dat om waarlik vry te wees iets in sy element moet wees, soos 'n voël in die lug en 'n vis in die water. Die mens vind sy element, sy wese in Christus (1945, p. 14). "As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees". (Joh. 8: 36)

## 2.3 Die gesagskrisis.

Daar is vandag sprake van 'n gesagskrisis in die opvoeding. Daarvoor is daar twee redes, naamlik :

- verskille tussen opvoeder en opvoedeling en laasgenoemde se onwil om hom deur eersgenoemde te laat voorskryf; en
- verskille tussen ideologieë.

### 2.3.1 Die gesagskrisis as stryd tussen volwassene en volwassewordende.

Volgens Nel het jeugprobleme gedurende hierdie eeu baie sterk op die voorgrond gekom, maar is dit reeds baie jare bekend dat die tydperk as 'n tydperk van opweg-wees na volwassenheid, as 'n oorgangtydperk na laasgenoemde, fisiese en

psigiese /....

psigiese moeilikhede oplewer. (Nel, 1961, p. 7). Na die oorlog is begrippe soos massajeug, ontspoorde jeug en verwilderde jeug algemeen bekend. Die skielike intrede van 'n veranderde gedragspatroon by veral die rypende jeug, het ouers en opvoeders magteloos laat staan. "Dis of hulle heeltemal uit tred geraak het met die tyd". (Ibid. p. 11).

Opvoeders wil hul opvoedelinge opvoed na 'n ideaal. Hulle wil opvoed na die erkenning van gemeenskaplik erkende of nagestreefde waardes. (Stellwag, 1973, p. 78). Dit gaan dus vir die opvoeder om sedelike vorming. Die strewe is om die kind se wil op te voed sodat hy spontaan die goeie sal wil doen. Opvoeding slaag as dit daartoe lei dat die opvoedeling uit eie vrye beweging die goeie doen. (Du Toit, 1945, p. 8).

Ouers en onderwysers se gesag stuit nou dikwels teen die kinders se onwil wanneer hulle weier om hul verstandelik en sedelik te laat vorm volgens bepaalde norm of waarde of sede. Dit veroorsaak 'n gesagskrisis. Die opvoeder moet dan dwing of toegee.

Die gesagskrisis setel in die ongelykheid tussen opvoeder en opvoedeling. Hulle waardes verskil, hulle kennis, ervaring en wysheid verskil. Die opvoeder beroep hom op ervaring en gesag - die reg om te sê - en die opvoedeling op sy vryheid - laat hom nie gesê. As die opvoeder hom op tradisie en religie se gesag beroep, dan vind hy: "In een niet langer door traditie en religie gebonden sameleving vallen legitimatiegronden die vroeger golden weg." 'n Reël of gebod ontleen

nie /....

nie meer sy gesag aan tradisie of religie nie maar aan "empirisch-rationele gronden". (Stellwag, 1973, p. 88). Die kind se weerstand teen die opvoeder se poging om sy kultuurerfenis aan hom oor te dra, setel nou in meer as bloot sy sondige natuur en onvolwasse wil. As gevolg van veranderde opvattings wat oor gesin, opvoeding, onderwys, huwelik, mode en sede posvat, het opvoedersgesag tans met meer as normale weerstand te make. Hierna word weer terug - gekom onder 2.3.2 ( p. 22).

Vir die Christen bestaan daar geen gesagskrisis as stryd tussen volwassene en kind nie. Vir hom is daar maar een stryd, die stryd tussen die Lig en die Duisternis. Friis sê :

> "Sedert die skepping van die mens staan hy in 'n antitese, in 'n wêreld waarin twee teenstellende kragte in skerpe konflik met mekaar verkeer - die een, die positiewe, bouende krag van God, die ander, die negatiewe slopende krag van Satan". (Friis, 1976, p. 502).

Dit gaan vir die Christen net om die aanvaarding van die gesag van God in sy eie lewe en in die lewe van sy kinders. Op gesag van uitsprake in God se Woord word norm, waarde, beginsel, alles gedefinieer. God se gesag word as primêr aanvaar en daar heers nie 'n stryd tussen kinders en volwassenes nie - slegs tussen hulle wat vanweë hul sondige natuur nie doen wat hulle moet nie en hulle wat daarteenoor stelling inneem en probeer om eersgenoemde te oorreed om die goeie te doen en die verkeerde te laat.

Kinders en volwassenes sal in opstand wees teen gesag totdat

hulle kragdadig en waaragtig tot bekering kom en vrywillig, as vrygekooptes, staanplek inneem onder God se gesag. Daar is dus kinders en volwassenes aan die "regte" en "verkeerde" kant in die stryd. Te dikwels word die foutiewe veralgemening gehoor naamlik dat "kinders van vandag" dan nou sogenaamd bandeloos en sonder gesag wil lewe, so asof alle volwassenes kwansuis spontane gesagsgehoorsames is. Hierteen getuig ons vol tronke en leë kerke.

Die Christene, kind en volwassene, aanvaar God as norm en bron van alle dinge, soos kennis en waarheid, en alhoewel hulle nie ewe ryp is in hulle pogings om God te behaag nie, sal hulle almal hul bes probeer. Hulle staan skouer aan skouer in die enigste stryd, die stryd teen die sonde.

Ouers het 'n opdrag van God ontvang om hulle kinders op te voed en kinders het van God opdrag ontvang om hul ouers te eer en te gehoorsaam. Waar die opdragte gehoorsaam word, heers daar harmonie. Weier een, dan is daar krisis, maar nie omdat een volwasse is en een kind nie, maar omdat een die sonde laat heers in sy lewe. Ouers en onderwysers kan die kind nie bekeer nie. Hulle moet vir hom bid en aan hom 'n voorbeeld in die geloof in Christus stel. Hulle moet hom dring deur hul liefde en opregte belangstelling en selfs dwing deur hulle gesag om hom sedelik te laat opvoed en vorm volgens die enigste norm. Du Plessis waarsku: "Indien opvoeding buite God om geskied of selfs net nie volslae Christelik is nie, is 'n opvoedingskrisis onvermydelik. Slegs 'n algehele oorgawe aan die wil van God en 'n eerlike, ernstige soeke na die ware Bybels-gegronde opvoeding kan al die

probleme laat verdwyn en 'n toekomstige opvoedingskrisis afweer." (1974, p. 278).

2.3.2 Die gesagskrisis as stryd tussen ideologieë.

Die gesagskrisis setel eerder in die stryd tussen lewensopvattings as in die verskille tussen volwassene en kind. Daar sal in die bestek van hierdie verhandeling nie die tyd of ruimte wees om 'n diepgaande studie van ander opvattings as die Christelike te maak nie. Om elke ander siening te probeer verstaan, vereis baie verhandelings, maar daar sal kortliks na die belangrikstes se invloed op die opvoedkunde in die algemeen en op die gesagsbeskouing in die besonder gelet moet word.

Primêr is dit 'n stryd tussen lewens- en wêreldbeskouings en daar is net twee hoofstrominge :

- hulle wat God se gesag onvoorwaardelik aanvaar en daarvolgens lewe en opvoed; en
- hulle wat God se gesag op hul eie voorwaardes wil aanvaar of glad nie aanvaar nie.

Die aanslae van die tweede groep is, versteek agter die dekmantel van 'n vryheidstrewe, besig om die jongmens te probeer oortuig dat hy homself moet losmaak van God se gesag, net om hom daarna aan dié van iets anders te koppel. Die meeste van die strominge het hul oorsprong in die humanisme. Die moderne humanisme het die afgelope tyd baie momentum in die Weste gekry. (Friis, 1976, p. 502). Hierdie stroming het die vertikale verbinding tussen God en mens begin miskyk en misken en bly horisontaal rondploeter met die mens, om

die /.....

die mens, vir die mens en tot voordeel en eer van die mens. Op sy beste en amper-Christelikste is 'n humanis besig om so goed te lewe dat hy sy eie saligheid wil uitwerk en verdien. Die mens se vermoëns, verstand, kennis en veral sy rede het die Christelike op die agtergrond gedwing. Geleidelik is die mens deur homself uitgelewer aan 'n sisteem wat hyself uitgedink het. (Nielen, J. Bewust zijn, bewust leven, samen leven, p. 47 aangehaal deur Du Plessis, 1974, p. 9).

Dooyeweerd skryf oor die krisis in die Westerse denke en opvoedingsgedagtes en meld dat die kommunisme, relativisme en ander humanisties gekleurde denkrigtings die bestaande orde ondergrawe terwyl permissiwiteit en vertroue op die rede veld wen. (Dooyeweerd, H. Wat is die mens? pp. 5 - 9 aangehaal deur Du Plessis, 1974, p. 9). Hier word enkele strominge kortliks bespreek :

* Permissiwiteit. Wanneer die vryheid van die individu só op die spits gedrywe en oorbeklemtoon word, dat alle norme van lewens- en wêreldbeskouing gerelativeer word sodat hierdie norme geen bindende gesag meer het ten opsigte van die denke en handeling van die individu nie, ontstaan 'n permissiewe gemeenskap (Gericke, aangehaal deur Friis, 1976, p. 16). Oor permissiwiteit skryf Gerber : "Die gemeenskap is permissief want hy is normloos" en later meld hy dat 'n ewe gevaarlike indien nie gevaarliker vorm nie, van permissiwiteit lê in die vrees dat dit goeie menseverhoudinge sal skaad, wanneer die ander tot verantwoordelikheid en pligsbesef geroep word. "Ons is permissief ingestel: ons laat elkeen maar begaan en verkies om liewer nie ander tot verantwoordelikheid op te roep nie. Ons is bang om te praat". (Gerber, 1974, b pp. 22 en 23). Die effek van permissiwiteit op die gesag in die skool is vanselfsprekend. As elkeen toegelaat sou

word om sy eie gang te gaan en die opvoeder nie die opvoedeling tot verantwoordelikheid roep nie, stuur die skool met sy opvoeding nie op vryheid af nie, maar op wêreldgebondenheid.

* Liberalisme. Die woord word dikwels verwarrend gebruik, maar moet gesien word rondom die vryheidsgedagte en die sentrale beginsel dat die individu absoluut soewerein is. (volgens Duvenhage, aangehaal deur De Villiers, 1976, p. 49). Schapiro stel dit so : "the fundamental postulate of Liberalism has been the moral worth, the absolute value and the essential dignity of the human personality. Every individual is therefore to be treated as an end in himself not as a means to advance the interests of others". (Schapiro, J.S. Liberalism, its meaning and history, aangehaal deur De Villiers, 1976, p. 49).
Vir die liberalis gaan dit om vryheid ter wille van vryheid - "ook vrywees van God". (De Villiers, 1976, p. 62). Die liberalisme is vir menige gesagsprobleem in die skool te blameer. Skoliere wat net hulself en hul eie belange dien, vry wil wees van alle gesag en naprаters word van die vryheidsaanbidders bemoeilik die opvoedingsprogram. Vryheid mag wel 'n nastrewenswaardige doelpunt in die opvoeding wees, maar is nie die beste hulpmiddel om kinders na volwassenheid en sedelike selfstandigheid te lei nie. Gesag is die hulpmiddel - vryheid die ideaal. Waar gesag nie 'n doel in sigself wil wees nie, maar 'n hulpmiddel om 'n doel te bereik is vryheid weer, tydens die opvoedingsgebeure, nie die noodsaaklike hulpmiddel wat gesag is nie.

* Sekularisme. Hierdie lewensbeskouing gaan van die geskape dinge uit. Elke herinnering na die ewige vervaag en die lewe op aarde het 'n einddoel geword. In die lewenshouding word nie plek gelaat vir God, sy Woord, sy Kerk en vir hoër geestelike waardes nie. (Duvenhage, S.C.W. Die opstandige student, p. 272. Aangehaal deur De Villiers, 1976, p. 61). Ook hierdie beskouing benadeel gesonde gesag in skole. Die Christen voed op sodat die kind God se gesag moet aanvaar. Verder strewe hy na volwassenheid

by sy leerling, wat uiteindelik moet beskik oor 'n duidelike prioriteitslys van lewenswaardes.

* Kommunisme. Die kommunisme is 'n gedagtesisteem waarin die beginsel communis (gemeenskaplik) sentraal geplaas word. Die hoof ideologiese strominge binne die kommunisme is die Russiese of Sowjet-kommunisme en die Chinese kommunisme of Maoïsme. Eersgenoemde is meer evolusionêr van aard terwyl laasgenoemde meer revolusionêr en aggressief is. Die kommunisme het vir die Christen-opvoeder betekenis veral omdat dit 'n volkome ateïstiese ideologie is wat glo dat die wêreld uit sy eie krag ontwikkel en daarom bestaan daar vir die kommunis geen God en skepping nie. (De Villiers, 1976, pp. 16 - 20). Wat verder kommer wek, is die feit dat die kommunisme 'n aktuele geestestroming is wat hom as ideaal voorhou die verowering van die Weste - die Christendom. In Suidelike Afrika is hierdie ideologie tans 'n aktuele bedreiging vir die Christen. "Die verbete fanatisme van hierdie ideologie is soms moeilik om te begryp". (Ibid. p. 78). Alhoewel kommunisme sekerlik vir Afrikaanse hoër-skole nie 'n wesentlike bedreiging vorm vir die onderwyser-kind se gesagsverhouding nie, affekteer dit die gesags-beskouing in die wêreld in so 'n mate dat die spanning wat hieruit voortvloei wel deeglik aangevoel word.

* Eksistensialisme. Die humanisme het op die terrein van die teologie gevorder tot die denke dat die mens God nie meer nodig het nie. 'n "Mondige mens" wat op alle gebiede sonder God kan klaarkom, het ontstaan. Die ewige spanning in die mens wat volgens hulle net op homself toegewys is vir die oplossing van al sy vraagstukke, het gemaak dat die eksistensialis homself voortdurend afvra na die sin van menswees. Hulle het dan ook 'n antwoord gevind en dit is : "God is dood", "Alles is nietig", "Alles is absurd". Hulle pleit by die mensdom vir doodsaanvaarding: "Every-one knows Sartre's reputation as an atheist ... Sartre, like Nietzsche, does not demonstrate that God does not exist. With him he announces : "God is dead". (Breisach, 1962, p. 105).

"But to Martin Heidegger, Jaspers' contemporary and a philosopher of Fribourg, there is nothing beyond man himself that can solve the problem of man's existence". (Mairet, 1948, p. 12).
"Kierkegaard bases his position upon individual man here and now, man in his passion and anxiety;" (Ibid. 1948, p. 7).

Volgens Mairet is Kierkegaard die grootste en eerste van die eksistensialiste (1948, p. 8). Nietzsche se denke gaan om "the tragic predicament of humanity in modern civilisation". (Ibid. p. 9). Mairet vra : Waarheen lei eksistensialisme? en antwoord dan : "Hitherto, existential thought has branched in the two main directions of religious philosophy and of a secular activism that is still anti-religious". (Ibid).
"The pitiless atheism, relieved by a tenuous thread of heroism, is canonical doctrine to the French existentialists of the school of Sartre". (Ibid. p. 15).
"De existentialisten hebben ons vertrouwd gemaakt met de doodsgedachte". (Broeckaert, 1948, p. 34).

Van der Merwe het 'n proefskrif geskryf oor die eksistensiefilosowe se opvoedkundige implikasies. Oor die vryheid en gesag in die opvoedkunde sê hy : "So word Sartre en Heidegger slagoffers van die siekte wat hulle wil bestry en selfs vir Berdyaev gaan beide God en die vryheid verlore as die nihilisme as 'n ewige nag daal. Dit is die onvermydelike resultaat as, in die woorde van Redeker, "de eindigheid, de corrupte, kleine toevallige, begrensde existentie van de menselijke sterveling het laaste woord is ... dat zich op de plaats van het absolute, van God, plaatse." (1964, p. 242).

Om die eksistensialisme beter te verstaan, moet beslis gelet word op Sartre se eie woorde in 'n paar aanhalings :
"The question is only complicated because there are two kinds of existentialists. There are, on the one hand, the Christians, amongst whom I shall name Jaspers and Gabriel Marcel, both professed Catholics; and on the other the existential atheists, amongst whom we must place Heidegger

as well as the French existentialists and myself". (Sartre, 1948, p. 26). [1.]

- "Atheistic existentialism, of which I am a representative," (Ibid. p. 27).
- "Man is nothing else but that which he makes of himself". (Ibid. p. 28).
- "Dostoievsky once wrote : "If God did not exist, everything would be permitted"; and that for existentialism, is the starting point". (Ibid. p. 33).
- "That is what I mean when I say that man is condemned to be free. Condemned, because he did not create himself". (Ibid. p. 34). "Man is the future of man". (Ibid. p. 44). Volgens Sartre is eksistensialisme humanisme. "I have been reproached for suggesting that existentialism is a form of humanism". (Ibid. p. 54).
- "This is humanism, because we remind man that there is no legislator but himself". (Ibid. pp. 55, 56).
- "What man needs is to find himself again and to understand that nothing can save him from himself, not even a valid proof of the existence of God". (Ibid. p. 56).

Die eksistensialisme het 'n geweldige invloed op die wêreld van vandag. Opvoeders in Suid-Afrika sal hiervan moet weet. 'n Bietjie kennis is gevaarliker as niks, want so maklik lees 'n mens net 'n paar skynbaar onskuldige verklarings en sien nie die angel en kruks van die saak nie. "I want honesty", sê Kierkegaard.
"Truth is courage and error is cowardice", sê Nietzsche en Breisach sluit na die aanhalings sy boek af met : "It forms the basis for authentic existence, is the key to the overcoming of estrangement, and gives the highest promise for the preservation of free and responsible man". (Breisach, 1962, p. 237).

Gunter dui op belangrike positiewe implikasies van die eksistensiefilosofie in sy ruimer betekenis :

---

1. Die Franse uitgawe het in 1946 in Parys deur Les Editions Nagel verskyn.

"Die /....

- "Die eksistensialisme verskuif die opvoeder se belangstelling en aandag van die algemene kind of the gemiddelde kind na hierdie of daardie bepaalde individuele kind." (Gunter, 1961, p. 264).
- "Op die opvoeder rus die verantwoordelikheid om sy leerling as persoon te bejeën, te respekteer en te behandel". (Ibid. p. 266).
- "Die opvoeder se voorbeeld word van deurslaggewende betekenis." (Ibid.)

Hy dui aan dat die eksistensialisme 'n belangrike boodskap vir die opvoeder van ons tyd het, want die wêreld en ons land het 'n behoefte aan mense :

- "wat bereid is om deur eie beslissing positief te antwoord op die uitdaging van die situasie waarin ons verkeer, om selfstandig en onbevoorordeeld te dink en daarna nie bang is om in ooreenstemming met eie, innerlike oortuiging ja of nee te sê nie, om hulle met totale oorgawe te wy aan die verwesenliking van hul moontlikhede, die verwerkliking in hul lewe van die blywende Christelike, sedelike en maatskaplike deugde en die onselfsugtige bearbeiding van die groot probleme op hul weg;
- wat nie hul toevlug sal neem tot, en sal opgaan in die sosiale massa en daardeur hul vryheid, waarde en waardigheid as persone sal verloor nie; of as alternatief, nie hulle in hulleself sal onttrek en in 'n selfsugtige individualisme sal verval nie, deurdat hulle hul regte aanvaar en opeis asof dit iets is wat vanself spreek en somaar vir elkeen en almal daar moet wees terwyl hulle alle verpligtinge verafsku en verwerp asof dit iets is wat willekeurig van bo-af opgelê en afgedwing word; maar
- wat hul verantwoordelikheid as persone teenoor hulleself, hul medemense, hul land en volk en daardeur teenoor die wêreld besef en aanvaar, en bereid is om dit na die beste van hul vermoë na te kom;
- wat respek het vir goeie werk, bereid is om hard te werk, bekwaam is tot goeie werk, en besiel is met 'n ideaal van diens aan hul gemeenskap in en deur hul daelikse werk wat hulle met die inset van hul hele

persoonlikheid pligsgetrou en goed verrig". (Ibid. pp. 266, 267).

Die eksistensialisme in sy enger sin, soos by Sartre aangetref, is egter afbrekend vir opvoeding en opvoedingsgesag as gevolg van veral die oordrywing van vryheid. "Hy wil dat die mens volkome en onbeperk vry sal wees". (Ibid. p. 273 vgl. Sartre, 1948, p. 18). Hierdie filosofie kan geen opvoedkundige waarde hê nie, "Want indien daar niks is wat gegee is nie, daar geen God is nie, alle transkendente waardes en norms ontken word, die sedelike behoort en saam daarmee die moontlikheid van 'n etiek uitgeskakel word en die mens absoluut vry is; indien die verhouding tussen mens en medemens is soos Sartre dit skilder, die persoonsrelasie (of ek-jy-verhouding) en daarmee die liefde tussen mense onmoontlik gemaak word; indien verder alle sedelike verantwoordelikheid verdwyn, of insoverre daar nog miskien van verantwoordelikheid sprake kon wees dit hoogstens van die individuele mens aan homself kan wees; en indien die aktiwiteit en strewe waartoe die mens opgeroep word, vooraf en vir altyd tot mislukking gedoem is; dan verval die lewe noodwendig in doelloosheid en sinneloosheid en word die opvoeding ook 'n sinnelose bedrywigheid". (Ibid. p. 277. Vergelyk in die verband Breisach, 1962, pp. 106 - 109).

Die eksistensialisme, selfs in sy ruimere sin is vir die Christenopvoeder onaanvaarbaar, want op sy beste is dit nog maar die opvoeding van die mens tot verantwoordelikheid aan homself en nie aan God nie. Die Christelike beskouing oor gesag en gesagstoepassing in hoërskole vind in die eksistensialisme 'n afbrekende ideologie, gesagsondermynend, omdat dit nie die enigste gesag, naamlik God se gesag, erken nie. Waar God se gesag verwerp word, kan geen sprake van enige ware gesag wees nie. Die opvoeder kry sy gesag van ouers wat op hulle beurt van God gesag oor hulle kinders ontvang het.

* New Left. Uit die asse van die eksistensialisme ontstaan 'n baie moderne stroming wat die New Left genoem word. Dit is uit die oogpunt van die gesagsbeskouing van die

Christenopvoeder /....

Christenopvoeder, 'n nuwe euwel. "Van Wyk sien in die "New Left" 'n nie-georganiseerde internasionale, radikale, linkse politieke beweging wat hulle ten doel stel om die bestaande maatskaplike, politieke en kulturele orde revolusionêr op 'n Nieu-Marxistiese patroon te verander. 'n Groot verskeidenheid persone en organisasies met die doel word dus as "New Left" geklassifiseer". Opvoedingsinstansies en massakommunikasie-media word as instrumente gebruik om die radikale linkse idees te versprei. (De Villiers, 1976, p. 86). Die "New Left" het volgens Lothstein die volgende eienskappe :

- "die groot meerderheid is blanke studente uit die middelklas".
- "die "New Left" is 'n radikale politieke beweging. Dit is nie gediend daarmee om maar net 'n parlementêre opposisie te wees nie".
- "die "New Left" is 'n anti-outoritêre beweging. Hy staan daarom in opposisie teen die institusionele outoritêrianisme van die Nieu-kapitalistiese lande".
- die "New Left" is anti-rassisties en anti-imperialisties".
- die "New Left" is utopies in sy lewende reaksie teen en negasie van die bestaande sosiale werklikheid". (Aangehaal deur De Villiers, 1976, pp. 86 en 87).

Van hierdie beweging moet kennis geneem word. Dit eis 'n sosialistiese rewolusie en Marcuse sê : "Capitalism re-organizes itself to meet the threat of a revolution which would be the most radical of all historical revolutions. It would be the first truly world-historical revolution". (Marcuse, H. Counter-revolution and revolt, p. 2, aangehaal deur De Villiers, 1976, p. 88). Verskeie skrywers waarsku teen hierdie protesbeweging. Brezinka, Esterhuyse, Duvenhage en Van Wyk word deur De Villiers aangehaal. (Ibid. pp. 85 - 91).

Om /....

Om hierdie radikale, gesagsondermynende beweging af te sluit moet Van Wyk nogmaals aangehaal word : "Vanuit Christelik-pedagogiese hoek gesien, is ons antwoord op die "New Left" Jesus Christus! Nie as werkhipotese nie, maar as lewende Persoon, as Bevryder in Wie se diens en koninkryk ons stry, as Lig van die Wêreld. 'n Jeug wat met Christus opgegroei het, in wie Hy woon, sal nie prooi word van die valse religie van die "New Left" nie. Menige meegesleurde meeloper se oë sal te laat oopgaan wanneer sy rol van dié van agiterende, betogende plakkaatswaaier na verslaafde pikswaaier oorgegaan het!" "Christenopvoeders en Christelike opvoedkundiges het 'n groot roeping!" (Van Wyk, 1973, (b) pp. 172, 173).

* Hiermee is die verskillende "ismes" nie almal behandel nie. Uit die humanisme vloei baie gedagtestrome. Daar kom nuwes by en oues word weer opgekikker om die mens se pogings om homself te "verlos" te regverdig of om direk opponerend teen die gesag van God te staan. Die naturalisme met sy pedosentriese opvoeding is vol innerlike teenstrydighede. Die idealisme wat die Idee tot doel gemaak het, sal nie aan die Christen se eise voldoen nie. So word na die materialisme, realisme, rasionalisme, positivisme en scientisme as strominge slegs verwys as vir die Christen onaanvaarbaar en vir sy opvoedingsideale nie diensbaar nie. Ook die pragmatis as temporalis wat "alle absolute waarhede en waardes verwerp en dus geen finale doel vir die lewe en die opvoeding kan aanvaar nie," (Gunter, 1961, p. 200), sal hier nie behandel word nie. Genoeg as hier gesê word dat alhoewel gesag in

hierdie /....

hierdie strominge wel erken en aanvaar word en soms selfs as noodsaaklik vir opvoeding gesien word, dit 'n gesag is wat uit die mens en sy ervaring spruit en nie die gesag van 'n volmaakte en soewereine God van die Christendom is nie.

Vir die Christenopvoedkundige is daar vandag weinig rus, want wat hy as norm geken het en aanvaar en aan sy leerlinge as nastrewenswaardig wil voorhou, word bevraagteken en deur sommiges as belaglik afgemaak. Hy kan nouliks antwoorde vind vir al die aanslae en as hy hom tot mense en idees vir hulp wend, sluit hy dikwels onwetend by hulle aan wat hy moet bestry, en begin fluks meewerk aan menslike pogings om menslike redding te bewerkstellig.

Dis noodsaaklik om nog kortliks op die opsigtelike stryd van die fenomenologiese pedagogiek teen die Christelike opvoedkunde te let. Vir die meeste opvoeders in die praktyk gaan dit nie om hierdie of daardie hoë term nie. Hulle gaan kerk toe en werk toe en voed die kinders op na hul vermoë en volgens die erkende feite van die vakwetenskappe en die absolute beginsels van God se Woord. Selfs waar die skoolhoof leerlinge moet adviseer in die keuse van 'n bepaalde studierigting of universiteit, moet hy neutraal bly. Tog word hy bewus van verskille waarin die Christen bepaald tot standpunt gedwing word.

Die fenomenologiese opvoedkunde wil die algemene basiese feite en wesenlike kenmerke van die opvoedingsfenomeen ontdek deur hom op die opvoeding as konkrete verskynsel

te rig. Hy laat alle voorveronderstellings agterweë en luister versigtig na die spreke van die opvoedingsfenomeen aangaande sigself voordat hy self daaroor spreek en dit as fenomeen beskrywe. Hy wil die opvoeding as konkrete menslike verskynsel self tot spraak bring sonder om dit met sy eie vooroordele te bederwe. (Gunter, 1961, p. 289).

In Suid-Afrika is die Fenomenoloë sekerlik mede-Christene en doen hulle bepaald baie goeie werk, maar hulle metode wat alles wat "werklikheid-bedekkend kan wees" voorlopig tussen hakies plaas, kan baie opvoeders verwar.

"Die pedagogieker en fenomenoloog wil deurdring tot die werklike wesenskenmerke of fundamentele strukture van die opvoedingswerklikheid. Om dit te kan doen, moet in die pedagogiekdenke eers ontslae geraak word van alle vooroordele en opinies wat die besondere verskynsel, naamlik die pedagogiese, op 'n sekere plek en tyd toevallig mag begelei en wat as bedekking daaraan toegedien is". (Landman, W.A. ea. Denkwyses in die Opvoedkunde, pp. 51 - 59 aangehaal deur Du Plessis, 1974, p. 76). Hierop vra du Plessis: "Hoe word vooroordele onderskei?" (Ibid).

Waterink het die Fenomenologie ook skerp gekritiseer. (Ibid, p. 77).

Du Plessis kom tot die slotsom dat die Fenomenisme uitgaan van die opvoedingsverskynsel soos dit onder <u>mense</u> voorkom, soos dit deur <u>mense</u> beoordeel en soos dit deur <u>mense</u> ontwikkel word. Daarom kan dit nie bo die menslike vlak

uitstyg nie. (Ibid. p. 78).

As gevolg van verskeie redes veroordeel Taljaard die fenomenologiese pedagogiek ook. (1974, pp. 195 - 209). Hy kom tot die gevolgtrekking dat Langeveld met sy opvoedingsdoel van "selfverantwoordelike selfbepaling" nog uit en uit humanis bly. (p. 209).

Dit is egter veral Van Wyk wat in COVSA studiestuk Nr. 3 duidelik beskryf wat fenomenologie is en wat die Christen se beswaar daarteen is.

> "Fenomenologie is 'n kenhouding wat daarop neerkom dat die ondersoeker sy eie lewens- en wêreldbeskouing, alle antropologiese en ontologiese voorveronderstellings en beslissings sowel as alle "toevallige" gebeure tussen hakies plaas sodat dit latent is, nie tot gelding kom nie, sodat die fenomeen of verskynsel as oorspronklike gegewe, as oerfeit, as "fait primitif", soos dit in sy feitelikheid, sy daarheid, is, gereinig van die 'smette' van lewensbeskouing of toevallighede, onbelemmerd tot die ondersoeker kan spreek. So, word gemeen, kan tot die wese van die saak deurgedring word. ... Fenomeen beteken 'die homself tonende' ... 'logie' ... 'logos' ... beteken 'tot spreke bring'. Dit is dus die leer van die verskynende gegewe". (Van Wyk, s.j. (a) pp. 1 en 2).

Volgens Van Wyk moet die teorie en praktyk nie geskei word nie, maar moet opvoedkundiges as hoogste voorwetenskaplike perspektief uitgaan van God se Woordopenbaring waarin Hy Homself openbaar sowel as sy verhouding tot alle dinge. Hy veroordeel dus ook die fenomenoloë wat die kruks in hulle "waarderingsvrye" wetenskaplike beoefening juis het in die miskyk van

geloof /....

geloof of lewens- en wêreldopvatting. Elkeen het sy grondslag, sy voorveronderstellinge.

Nadat Gunter die fenomenologiese opvoeding se verdienstes behandel het (pp. 293 - 300), wys hy ook op die belangrike tekortkoming.

"'n Opvoedingsleer wat op die fenomenologiese metode alleen berus, moet noodwendig onvolledig wees en bly, kan onmoontlik deurdringend genoeg na die diepte wees, kan uiteraard geen antwoord bied op sommige vrae, en wel baie belangrike vrae wat uit die ontdekking van die opvoedingsfenomeen self te voorskyn kom, en daarom kan 'n suiwer fenomenologiese opvoedkunde nie volle bevrediging gee nie. Want die fenomenologie is nie begrondend en normatief nie." (Gunter, 1961, p. 300).

As die opvoeder in die praktyk moet kies of hy hom deur God se Woord wil laat voorskryf of nie, sal dit jammer wees. As mens eenmaal aanvaar het dat God die beginpunt, eindpunt en doelpunt van alles is, dan sal hy geen probleem of verskynsel anders wil sien as deur God se openbaringe, eise en voorskrifte nie.

Wat meer is, daar is soveel strominge in die opvoedkunde wat basies ateïsties is en doelbewus die Christelike aftakel. Soos reeds gesê, is daar maar een stryd. Wie kan neutraal staan? Die kommunis gaan nie vir die fenomenoloog dankie sê nie. Die radikales van die "New Left" sal juig oor verwydering tussen Christene. Die leiers in die opvoedkunde in Suid-Afrika moet 'n metode vind sodat alle mede-Christene kragte kan saamsnoer teen aanslae.[1] Is daar nie genoeg gemeenskaplike vyande

---

1. Dit is nie die voorneme om hier te wil betoog dat almal eenders moet wees nie, maar daar is tog seker een vertrekpunt, een ideaal en een doelpunt. En dié ideaal is bepaald nie om neutraal of wetenskaplik bevind te word wanneer alles hier verbygegaan het nie.

nie/.....

nie? Die sogenaamde wetenskaplikheid is tog nie belangriker as dit waarom dit gaan nie? Het die middel dan die doel geword?

> "Wie analities en perspektivies die opvoedingshandeling benader kan nooit in 'n dualisme tussen teorie en praktyk verval nie. Opvoedkunde en opvoeding kan dan onbelemmerd in 'n verhouding van vrugbare wedersydse beïnvloeding tot mekaar staan". (Van Wyk, s.j. (a) p. 10).

Die implikasie van die fenomenologiese pedagogiek vir die gesagstoepassing in skole is seker nie vanself nadelig nie. Die gevaar lê eerder in die verskeurdheid in die wetenskapsbeoefening van Christene wat die opvoedeling kan laat twyfel of die Skrif vir almal geld met die volgende :

> "U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad". (Ps. 36:·10).
> "die vrees van die Here is die beginsel van kennis". (Spr. 1: 7).

Teenoor al die ongelowige ideologieë en 'n pedagogiek wat God tussen hakies plaas ter wille van die mensgemaakte wetenskaplike neutraliteit, staan die Christenopvoeder en sê oor gesag :

> "Uit, deur, tot God is alle dinge. God is die soewereine Regeerder en die kosmos is aan sy wetsorde onderworpe. Die mens is toerekenbare, verantwoordelike, tot vryheid bestemde beelddraer van God. Menslike kenne is weens sy kreatuurlike ongenoegsaamheid 'n kenne ten dele. Die kosmos het in sonde geval : ouer, onderwyser, kind en natuur dra die smet van die sonde; slegs in Christus is verlossing hiervan moontlik" ... (Van Wyk, s.j. (b) p. 17).

Die gesagskrisis in die wêreld sal voortduur tot die finale ingrype van God om die kwaad te oorwin. Tot dan sal die stryd voortduur tussen die draers van die Lig en die magte van die duisternis.

## 2.4 Doelstellings met gesag in opvoeding.

Alhoewel oor gesagstoepassingsmetodes verskil mag word, sal ware opvoeders dit eens moet wees oor die doeleindes wat daarmee nagestreef word. Die mikpunt of einddoel wat opvoeders beoog om te bereik met hulle gesagstoepassing, sal nou saamhang met die doelstellings van die opvoeding, en dit is weer 'n saak van lewens- en wêreldbeskouing.

Daar is reeds daarop gewys dat daar basies net twee strominge bestaan naamlik die gelowige en die ongelowige. Laasgenoemde gee God nie die eerste plek in die opvoedingsprogram nie. (Vergelyk p. 22).

'n Voorbeeld van die ongelowige opvoeding se doelstellings kry ons waar Filex Greene van die onderwys in China skryf en aandui dat "the principles of education of children" na vore kom in die "Five Loves : Love of Motherland; Love for People; Love of Work; Love for Knowledge; Respect for Public Property. These Principles are taught according to age levels, in conversation, songs, nursery rhymes, art and games". (1962, p. 50). Elkeen van die sake is sekerlik mooi en verdienstelik. Dit is egter bloot humanisties. Dit gaan om die mens, deur die mens, vir die mens, sodat nuttige en beter burgers vir die proletariaat of kommunistiese staat gelewer kan word. Hierdie beskouing gee aan God die Skepper nie 'n plek in die opvoedingsprogram nie.

Die ongelowige beskouings sal nie verder behandel word nie. Daar word volstaan met die kursoriese aankondiging dat hulle basies eenders is en horisontaal gebind bly. Vir die Christen is almal onaanvaarbaar.

Die /...

Die doelstellings van gesag, tug en opvoeding word vir die Christen bepaal deur sy teosentriese lewensbeskouing waarvolgens God in die middelpunt geplaas word. Volgens Stoker handhaaf die Christelike Calvinisme :

> "dat God Drieënig, die God van die Skrifte, Uitgangspunt en Doelwit van alles is; dat Hy die absolute Soeverein oor alles wat Hy geskape het is, en dat Hy alles om Syns ontwil geskape het, tot Sy eer en verheerliking; dat Hy die Alfa en die Omega is, uit Wie, deur Wie, tot Wie alle dinge is". (1941, p. 13).

Verder is die mens na God se beeld geskape en hy is dus wesensverskillend van die dier, die plant en die stof. God het ook aan die mens as individuele en sosiale wese 'n roeping gegee om op aarde te vervul. (Ibid).

Die Christen verkondig : "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand" en "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself". (Mattheüs 22: 37, 39).

- Dan sal jy die land wat God jou gegee het, liefhê en waardeer en uitbou en mooi en skoon hou.
- Dan sal jy jou naaste se eiendom en openbare eiendom respekteer.
- Dan sal jy mense liefhê en help en vergewe wanneer hulle teen jou sondig, omdat Jesus se voorbeeld jou leer om te vergewe.
- Dan sal jy dankbaar werk en woeker met die talente wat jy as genadegawes ontvang het en nie vir eer of beloning alleen of uit vrees vir straf of armoede nie.
- Dan sal jy daarna strewe om God beter te leer ken en alles in sy skepping deursoek om sodoende meer van Hom te wete te kom. Hierdie soeke na kennis sal nie om kwalifikasie of sertifikaat of beter salaris alleen gaan nie, maar sal suiwer wees, suksesvolle studente lewer, want dit gaan om:
    - .. "laat u koninkryk kom;" (Matt. 6:10).
    - .. "waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees;" (Matt. 6:21).

maar /...

.. "maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word". (Matt. 6: 33)

Vir die Christen is die doelstellings met gesag in opvoeding die opregte voorneme om deur goeie voorbeeld, sterk optrede, goeie tug, te lei en op te voed tot eer van God. Dié soort opvoeder sê saam met Paulus :

"Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van ons Here Jesus Christus ... dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens, sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon .... en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God". (Efésiërs 3: 14 tot 19).

'n Opvoeder kan niks beter hoop of nastrewe nie. Hierdie volheid is baie meer as blote kennis of vaardighede of nuttige burgerskap.

Gesag, wat 'n goeie hulpmiddel in die opvoedingsprogram is, word aangewend slegs om die opvoedingsgebeure te bevorder. Dissipline en gesaghandhawing en orde kan nooit 'n doel in die skool wees nie. Dit moet slegs meewerk tot voordeel van die opvoedeling en die opvoedingsgebeure, waarin die opvoeder sy handeling opsetlik, doelbewus en deur roeping gedring, rig op die opvoedeling om hom tot volle ontsluiting te bring en hom sodoende te lei, te help, te vorm, toe te rus en oor te haal tot betekenisvolle, bewuste, vrywillige en roepingsbewuste aanvaarding en verantwoordelike, mondige uitvoering van sy lewenstaak of roeping. (Van Wyk, 1975, p. 39).

Die skool het nie net 'n onderwystaak nie, maar ook 'n opvoedingstaak.

In hierdie omvattende opdrag sal die opvoeder alles in sy vermoë doen en alles tot sy beskikking gebruik om te slaag, want niemand mag halfhartig opvoed nie. Die opvoeder sal sy kennis, entoesiasme, ganse persoonlikheid, gesag en mag inspan om die ideaal te bereik "Waardeur die onmondige opvoedeling onder leiding van die akt-struktuur tot volle ontsluiting gebring word sodat hy sy roeping as mens kan vervul". (Ibid.)

Volgens dieselfde skrywer sal die hooftaak van die onderwyser wees :

- inspirasie tot soeke na sinvolle kennis;
- vind en aanduiding van effektiewe metodes en weë tot kennis;
- toerusting met norme ter wille van keuring van relevante kennis;
- kweek van verantwoordelikheid ter wille van verantwoordelike aanwending van kennis. (Ibid. p. 42).

In hierdie opvoedingsgebeure is die taak om te dissiplineer ondergeskik, maar noodsaaklik, want daarsonder word die ander, meer verhewe ideale selde bereik. Stoker sê dat in die eerste plek kennis en in die tweede plek dissipline nodig is. (1941, p. 279).

Vir die Calvinis is dit volgens Stellwag in orde om alle feite en hulpmiddels diensbaar te maak om die kind op te voed "tot een mens Gods". (1973, p. 138).

In die ideale Christelike skool sal gesag ingespan word om die mens van God vir elke goeie werk volkome te probeer toerus en om hom te leer om God as sy Hemelse Vader te ken, te eer en lief te hê, en sy naaste soos homself. (Du Toit, 1945, pp. 5, 6). Dit gaan met gesag dus om die eer van God en die saligheid van die kind.

Alhoewel /....

Alhoewel dit paradoksaal mag klink, is die vryheid van die individu die primêre strewe van gesag. "Alleen kennis volgens die lig van Gods Woord en dissipline in gehoorsaamheid aan Sy wil en ordinansies, waarborg ons : Vryheid". (Stoker, 1941, p. 279). Hierdie vryheid in Christus is die hoogste lewensdoel. Daarom ook die hoogste opvoedingsdoel (Du Toit, 1945, pp. 5, 6). Die gedagte vind ons ook by Van der Stoep waar hulle sê: "Die direkte doel en betekenis van die uitoefening van opvoedingsgesag is dan om die kind daartoe te bring om die gesag te aanvaar onder andere deur dit eers in die persoon van die volwassene (die gesagsdraer) aan hom bekend te stel; deur die kind gedurig te laat deelneem aan die lewe van waardes en verantwoordelikheid onder die begeleiding en beskerming van die volwassene; deur die kind tot die insig te bring dat die opvoeder 'n groter aandeel aan die lewe van waardes het as die kind self; deur die kind hoe later hoe meer verantwoordelik en aanspreeklik te hou vir sy keuses en handelinge; deur later aan die kind die volle verantwoordelikheid vir wat hy doen toe te ken en die opvoeding te beperk tot slegs situasies van rekenskap en vermaning wat nodig kon wees; deur die volle verantwoordelikheid aan die jeugdige toe te ken en homself die gevolge van sy handeling te laat dra". (1968, p. 19).

Opvoeding is dus opvoeding tot vryheid (sien ook 2.2 vroeër in die hoofstuk). Gesag sal dissiplineer, sal dwing, maar dit word alleen geregverdig as 'n middel tot 'n doel en sal in skoolbelang, landsbelang, opvoedingsbelang en opvoedelingsbelang wees en nie om opvoedersbelang nie. Wanneer opvoedersbelang egter opvoedingsbelang en in Godsbelang is soos dit by die Christen gesagsdraer behoort te wees, ontstaan daar geen probleem nie en word die kind se wil opgevoed om vry die regte keuse te doen.

Wie /....

Wie mag die opvoedingsdoelstellings vir 'n skool formuleer? Daar is tog in enige goed geordende opvoedingsprogram bepaalde korttermyn, langtermyn en uiteindelike mikpunte. Volgens vraag 19 in die vraelys (word later in hoofstuk 3 behandel) kon skoolhoofde hulle uitspreek oor die vraag : wie behoort volgens u die meeste seggenskap te hê in die bepaling van die doelstellings van die opvoeding? Die staat (15%); die ouerhuis (6%); en die onderwyskorps (69%) was die antwoorde van hoofde. Daar was 4% wat sê al drie behoort saam die doelstelling te bepaal en 6% wat die staat en onderwyskorps die voorreg wil gee. Die meerderheid (80%) wil dus aan die onderwyskorps alleen of saam met staat en ouerhuis opdra om te bepaal waarheen hulle met die onderwys en opvoeding wil. Dit is 'n groot verantwoordelikheid en vereis studie en denke want :

> "wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly?" (Matt. 16:26).

Die skool kan nie neutraal staan nie, maar sal in oorleg met ouer en staat sy doelstellings bepaal. "Net so min as wat 'n huisgesin of 'n beskawing neutraal kan wees, net so min kan 'n skool dit wees. 'n Christelike beskawing kan nie in stand gehou word met 'n neutrale skool nie". (Van Wyk, s.j. (b), p. 7).

> "By die neutrale mens is die huis skoon sodat al die duiwels daar kan intrek (Jooste, 1966, p. 20, aangehaal deur Coetzee, 1976, p. 19). "Want, soos aangetoon, moet, indien God nie op die hart beslag lê nie, een of ander "duiwel" van sy hart besit neem en die mens se oortuigings en dade bepaal en rig." (Coetzee, 1976, p. 19).

Oor neutrale onderwys sê Greyling : "Sulke onderwys sou alle siel en besieling uit die opvoedende aksie wegneem. Dit is onmoontlik ... Daar is niemand, wat die moeite werd is, wat neutraal is nie." (1941, p. 25. Vgl. Keyter 1936 p. 121).

Die/...

Die gesagsfunksie se doelstelling is eerstens om die klimaat te skep waarin die kind gelei word om verantwoordelik die regte keuse te maak. Sodoende kom die kind uit by sy hoogste lewensroeping naamlik God se verheerliking en bereik hy volwassenheid : "sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus". (2 Tim. 3 : 17). Volgens Pistorius :

> "Opvoeding is daarmee basies opvoeding tot gelowigheid, dit wil sê die aankweking van gevoeligheid vir God se aanspreking, vir Sy liefde". (Aangehaal deur : Schutte s.j. p. 12).

Schutte wys egter daarop dat die geroepe opvoeder nie net vir die hiernamaals opvoed nie, maar dat hy ook opvoed dat die kind sy plek hier ook kan volstaan.

> "Maar dan 'n plek waarvan die kenmerk nie is dat dit verganklik is, 'n lewe waarvan die eindpunt nie die dood is nie." (Ibid. p. 12).

Die doelstellings sal dus die praktiese, vir die nou, insluit, maar nie daarmee eindig nie, want die gelowige, "trag om die hoopvolle en blye toekoms vir sy opvoedeling voor te skilder, voor te lewe en lewend te laat spreek uit daardie selfde dinge wat vir ander die wanhoop en die dood spel. Die Skrifgelowige opvoedkundige in sy sondige swakheid vra vandag nog soos Paulus: "Here, wat wil U hê moet ek doen?" (Ibid, p. 13).

Die Christen sal dus heel prakties kan sê dat hy sy leerlinge liefde vir die bodem, vir arbeid, vir die medemens en vir God wil leer, of: "Ons moet ons kinders leer om te werk - self te werk, harder te werk, met liefde te werk, Geen skool .... waar daar 'n gees van akademiese luiheid heers, kan met reg daarop aanspraak maak dat hy 'n

Christelike /....

Christelike karakter dra nie." (Pretorius s.j. p. 34).

Samevattend kan Claassen aangehaal word :

> "Indien die opvoedeling deel het aan 'n persoonlikheidsontsluiting wat hom in staat stel om in vryheid en verantwoordelikheid voor God op elke terrein van die lewe sy beskawingsgoedere te hanteer en tot verdere ontwikkeling en ontplooiing te bring, is dit 'n aanduiding dat die opvoeder in sy opvoedingspoging geslaag het". (1974, p. 76).

## 2.5 Samevattende besinning oor gesagsproblematiek in hoërskole.

Hierdie studie is aangepak om te bepaal in watter mate die gesag van die opvoeder die vryheid van die hoërskoolleerling beperk en of die hoërskoolleerling se vryheidsidee die gesag van die opvoeder beperk of ondermyn.

Opvoeders is dit eens dat gesag moet dissiplineer, want sonder dissipline is orde onmoontlik en sonder orde is onderrig en opvoeding 'n probleem. Volgens Coetzee moet daar gesag in die opvoeding wees "want sonder gesag is opvoeding vir die Christen ondenkbaar". (1944, p. 350). Die hele skepping, die mens ingesluit staan onder gesag van God, soos neergelê in sy Wet en daarom kan die gesag van die mens (self onderdaan en ondergeskikte) nooit absoluut wees nie. Menslike gesag is "verleende, God-gegewe gesag". (Ibid.) God het die mens, as kroon van die skepping, met gesag beklee - gesag oor die skepping en selfs oor sy medemens :

- "U het hom 'n weinig minder as die engele gemaak; met heerlikheid en eer het U hom gekroon en hom oor die werke van U hande aangestel." (Hebr. 2: 7).

Alle /....

- "Alle dinge het U onder sy voete gestel. Want in die onderwerping van alle dinge aan hom het Hy niks uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie." (Hebr. 2: 8 (a)).

- "Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg.
  Eer jou vader en jou moeder - dit is die eerste gebod met 'n belofte". (Efé. 6: 1 en 2).

- "onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip". (Gen. 1: 28).

- "U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel". (Ps. 8: 7).

Die vraagstuk of die skool wel in 'n gesagsposisie mag staan oor 'n vrye individu, word nou maklik beantwoord. Die ouer het meer as natuurlike gesag oor sy kind. "God heeft aan ouders opgedragen de kinderen op te voeden". (Stellwag, 1973, p. 138). Hiervolgens is ouers verantwoordelik en het hulle gesag. Gesag volgens Wet, gesag volgens Liefde. (Ibid. p. 139). Ouerlike gesag setel in ouer-seggenskap en ouerverantwoordelikheid. Ouers is verantwoordelik vir die fisiese versorging van kinders (voedsel, kleding en huisvesting) maar ook vir geestelike versorging (dit wat die mens van die dier onderskei) "Want ons burgerskap is in die hemele, vanwaar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus." (Fil. 3: 20). "Kinders, julle moet jul ouers in alles gehoorsaam wees, want dit is die Here welbehaaglik. (Kol. 3: 20). Hiervolgens en volgens die vyfde gebod het die ouer van Godsweë gesag oor sy kind en wanneer hy die kind na die skool bring, dra hy sy gesag oor aan iemand anders. Wanneer die skool en onderwyser naas die ouer optree, is hy beklee met die gesag van die ouer.

Hierdie verleende gesag, vereis verantwoordelikheid. Die onderwyser moet rekenskap gee aan die ouer en albei van hulle uiteindelik aan God.

Die kind aanvaar sy ouer se gesag en verantwoordelikheid in sy liggaamlike behoeftes makliker as in sy geestelike. Voedsel vir die liggaam aanvaar hy, maar as gevolg van sy sondige natuur sal hy die noodsaakliker voedsel vir die gees, minder vrywillig aanvaar.

> "En juist nu om het kind te doen willen, wat het krachtens zijn zondige natuur niet wil, moet werken het ouderlijk gezag". (Waterink, 1926, p. 24).

Met die skool gaan dit net so. Kennis wat die kind nodig het vir hierdie wêreld, wat hy in sy loopbaan gaan gebruik om sy liggaamlike behoeftes te bevredig, ontvang hy, as gevolg van sy sondige natuur, soms meer vrywillig as die noodsaaklike opvoeding tot gehoorsaamheid aan God se gebooie. Tog, alhoewel die mens in sonde gebore is en geneig bly tot die verkeerde, lê die kiem tot die goeie ook reeds sluimerend in die skepsel van God, geskape na Gods beeld.

Die taak van die opvoeder is dus een van versoening :

- versoen die kind met die regte norm en met gesag;
- versoen die kind met sy plig en taak;
- versoen die kind met sy roeping as deur God aangesprokene. Hy moet antwoord op : "Wat is in die wet geskrywe? Hoe lees jy?" (Luk. 10: 26);
- versoen die kind met God se absolute gesag;
- versoen die kind met die feit dat gewaande vryheid, droomvryheid, niks meer is as slawerny aan hierdie wêreld en sonde nie en dat ware vryheid alleen bestaan in Christelike geloof.

(Joh. /...

(Joh. 8: 36 - Vgl. ook p.14, hierdie hoofstuk).

Die hoogste gesag in die skool, naamlik die van die skoolhoof moet vir almal ten goede meewerk. Sy outoriteit moet nie gebruik word net om sy eie taak te vergemaklik nie. Sy wil moet die wil van die ouer wees en in die geval van die Christenskoolhoof, God se wil. Hierin spreek sy verantwoordelikheid en hy sal moet sê: "Laat U wil geskied" en sal homself nooit as enigste norm mag beskou nie, maar sal in nederige afhanklikheid soek na DIE LIG om sy eie, deur sonde verduisterde oog, iets te laat sien van die toekomsplan, wil en opdrag van God. (Vgl. hoofstuk 8)

Die gesag waarmee die onderwysers beklee is, plaas hulle in 'n magsposisie. Ongehoorsaamheid is onduldbaar en sal gestraf moet word, (hoofstuk 8 p.181) maar wanneer 'n skool daarin kan slaag om die kern van die probleem van ongehoorsaamheid aan te val, kan strafsituasies baie verminder.

Die sondige natuur van die mens veroorsaak dat hy geneig is om God en sy naaste te haat en daarom sal hy dikwels die gesag wat die goeie nastrewe en verteenwoordig, verwerp. Om tugsituasies te voorkom, sal die skoolhoof en onderwyser sekere tegnieke kan toepas, (vergelyk hoofstuk 8) maar sal dit veral nodig wees dat die kind se lewensiening moet verander. As die kern, naamlik leerlinge se lewensiening, reg is, kom die lewenswyse vanself reg. As die natuurlike mens deur God se genade verander in 'n Christen-gelowige is die gesagsprobleem so te sê opgelos. Die sondigheid van die mens bring op haas elke terrein van die lewe probleme. Om diefstal of leuentaal te probeer uitroei, is 'n onbegonne taak as die oorsaak daarvan nie aangeval

word /....

word nie. Waarom steel kinders? Omdat hulle die agste gebod nie as geldend in hul lewens aanvaar nie. "If we are to strike at the root of the evil we must ignore the symptoms and deal with the causes". (Ballard, 1928, p. 29).

Die vraag of die onderwyser sy magsposisie moet gebruik om sy gesag deur dwang te laat geld, verdien aandag. Volgens Huxley "it is better to go wrong in freedom than to go right in chains". (Ballard, 1928, p. 67). Hiermee sal die Christen-opvoeder nie maklik saamstem nie, want as leerlinge waarlik waarde het, sal die opvoeder hul liefs vasgeketting as verlore sien. Die ideale toestand word bereik wanneer die leerling sonder kettings die regte pad kies.

Die kind moet gelei word om, sonder dwang, self die regte besluite te neem. Hoe nader hy aan skoolverlating kom, hoe minder moet vir hom besluit word en hoe meer besluite moet deur homself geneem word. Hiervoor moet die skool die oefengeleenthede skep (vgl. hoofstuk 7,) want "without freedom of choice there can be no moral growth" (Ballard, 1928, p. 67).

Daarom skryf Van der Stoep: "Gesagsuitoefening wat nie in die opvoeding aan die kind die verantwoordelikheid toeken wat hy ryp of gereed is om te dra nie, eerbiedig nie die kind as persoon nie en is daarom eintlik slegs in heel beperkte mate as opvoeding te beskryf". (1968, p. 19).

As die hoërskool se opvoeding slaag, sal dit nie nodig wees om sy leerlinge op te pas nie. Dan sal hulle vertrou kan word om te doen wat hulle wil; lieg, roof, enigiets net soveel soos hulle wil,

maar /....

maar hulle sal hierdie dinge nie wil doen nie. 'n Mens met 'n gevormde wil is 'n opgevoede mens en opvoeding het geslaag wanneer 'n jongmens met vertroue die lewe ingestuur word en ouer en skool weet dat hy voortaan uit eie beweging die goeie sal doen. Hy weet om vooraf eers te vra :

"Here, wat wil U hê moet ek doen". (Hand. 9: 6).